

HABARI


jambo sana

OCTOBER / OKTOBER

NUUSBRIEF VAN DIE OOS-AFRIKA-VRIENDEKRING
NEWSLETTER OF THE FRIENDS OF EAST AFRICA

1984

NO : 12



REDAKTIONEEL.....EDITORIAL.....

SO THE YEAR HAS PASSED AND THE TIME HAS COME AGAIN TO GATHER
AND TO TALK:- SHARE NEWS, SAD AND HAPPY.

BRING YOUR PICNIC BASKET
WHERE: TO PRETORIA; FOUNTAINS

WHEN: 6 OCTOBER 1984

TIME: ALL DAY

WHO: ALL EX-EAST AFRICANS AND THEIR FAMILIES.

PLEASE ENCOURAGE YOUR FRIENDS TO COME, ITS FUN MEETING OLD FACES.

INFLATION HAS BECOME A PLATITUDE, BUT IT STILL REMAINS A REALITY
AND IS CATCHING UP ON US. THIS IS A PART OF LIFE TODAY. THIS
LETTER COSTS MONEY, WE ARE MANAGEING TO PUT IT OUT AT A VERY
REASONABLE COST. THIS ISSUE IS COSTING US R200.00 FOR THE
500 COPIES THAT WE SEND OUT. THIS IS JUST BEING COVERED BY
THE COLLECTION MADE AT THE FOUNTAINS. WE AT THE MOMENT CANNOT
EVEN AFFORD TO PUT IN PHOTOS. CAN YOU POSSIBLY HELP WITH
ARTICLES.... DONATIONS.... PRINTING.....PLATE-MAKEING... OR
EVEN JUST SUGGESTIONS. ANY LETTER DEPENDS ON THE FEEDBACK
THAT IT GETS FROM ITS READERS.

OUR ADDRESS:

ALEC BOSHOFF,
P O BOX 40546,
ARCADIA
0007

OR

DANIE STEYN
SETTLERS AGRIC. HIGH SCH.,
P O SETTLERS
0430

DIE NAAM VAN DIE VEREENIGING IS ONDER BESPREKING: DIE GEDAGTE IS
DAT ONS NOU MEER AS NET 'N VRIENDE KRING IS EN DAT ONS MEER
FUNCTIONEER AS 'N HISTORIESE VEREENIGING. DIE DOEL IS DAN OOK
OM DIE GESKIEDENIS OP TE TEKEN EN TE BEWAAR. KAN ONS VOORSTELLE
KRY VIR 'N KORT NAAM WAT ALLES SÊ.

=====

DEBATSVEREENIGING SERGOIT: 1937

Uit die dertigerjare ontgrawe ek 'n baie komiese gebeurtenis wat my vandag
nog byval.

Hendrik Smit en Tom Davis, bid jou dit aan, moes 'n item lewer by die debat.
Wie sou tog nou ooit verwag dat die ou twee brommers 'n sangitem kon lewer.

Nietemin, met raad en daad het die twee gevallen, letterlik vir weke aan
een. Met groot veggees en manmoedigheid het die twee besluit dat hulle
beslis nie skandes gaan maak nie, en wat meer is, hulle gaan vriend en vyand
verras!

Die groot aard het aangebreek. Daar staan hulle, die die sangitem word
aangekondig stilte. Wanneer begin hulle nou? Of het hulle al
opgehou?..... steeds stilte. Hendrik kyk vir Tom en Tom kry die paarellekoors.
Meteens besef hulle dat die wysie hulle skoon ontgaan het. Nedriglaat Tom
sy kop sak asof hy begin bid, dat die aarde hom moet insliuk. Nog steeds
stilte! Skielik bars Hendrik uit van die lag, die spanningbelaaide atmosfeer
ontploff soos 'n bom op 'n stil meer. Nou lag die gehoor met oorgawe.

Dit is nou net die oomblik dat Hendrik die wysie onthou. Soos 'n rukkerige
motor kom die ou twee brommers aan die gang. Nou dreun die aarde soos hulle
sing, byna hysteries? Sjoe dit was amper.....amper 'n flop

Later sou die twee natuurlik alles ontken. Dit was alles sa beplan - sou
hulle sê. Ja-Nee, die wêreld draai.

Groete Joey Smit.

ONS MENSE DEUR SONNIE CLOETE

Hier is 'n kort verhaal van ons mense soos ek hulle geken het, en ooktherinneringe van die verhale en grappe soos hulle voorgekom het. Baie van die grappies en verhale is deur die persone self aan my vertel, sommige leef nog, of van hulle nasate, en skryf ek hierdie verhaal, nie om enige een seer te maak of neerhalend nie; intendeel dit is met die grootste respek en liefde, want wie kan nie ons ou mense in Kenia respekteer en lief hê nie. Elkeen met sy eie eienaardighede en altyd met die groot humorsin gereed om vir homself te lag.

So onthou ek nog Schofield ons Distrik Kommissaris, 'n Walliser vol streke. Hy het 'n baie mooi stem gehad en het saam met J. G. Shaw en Nancy Shaw naweke na ons gekom en saam met my swaer Jim Robinson lekker gesing onder die begeleiding van my suster Alie.

Schofield se huis was waar die Dorpraad was. In die vroë dae het die swartes sommer 'n kort pad deur sy tuin gekies; waarsku het net nie gehelp nie. Die grootste oortreders was die meide wat deurloop met kalbaste melk op die kop. Schofield het toe maar op die stoep gesit en met sy .22 geweer gaanjies in die kalbaste geskiet, en so was die deurloop storie op 'n end.

Na Schofield was my broer Schalk Distrik Kommisaris cum Magistraat en so gebeur dit dat een van die boere hom eendag kom sien en sê, "Schalk ou seun jy moet help. Daar is 'n koelie wat my dagvaar vir skuld wat ek al betaal het maar nie meer die kwitansie voor het nie". (Alle Indiërs was maar koelies genoem). Schalk het geweet dat die oubaas nie lieg nie en sê maak soos ek sê. Die saak kom voor en die oubaas is in een getuie bank en die koelie in die ander. Schalk sê toe aan die koelie gaan voort en kyk self nie op nie. Net toe die koelie begin om te getuig pluk die ou boer sy revolver uit en kyk na die koelie wat meteens stil is, Schalk sê weer gaan aan en die selfde gebeur weer, dit gebeur weer die derde keer waarop die koelie op die vlug slaan, en toe Schalk op kyk is die aanklaer weg en gooï hy die saak uit.

Dit het ook gebeur dat 'n regter so een of twee keer per jaar sake kom verhoor het. Op 'n sekere dag het hy en Schalk 'n verskil in die hof gehad het. Toe hulle verdaag vir middagete, loop die regter na die beskuldigdehok om sy toga ens daar weg te sit. Met die sit Schalk sy hond Safari voor die deur van die beskuldigde ^{hok} en sê pas hom op terwyl hy self gaan eet. Toe hy terug kom het hy baie groot moeilikheid verwag maar die regter wil toe net Safari koop.

Die munisipaliteit van Eldoret het 'n taamlike groot gebied grond besit en daar dit leeg gelê het, sekere Somalis toegelaat om beeste daar aan te hou. Mettertyd het die beeste so baie geword dat die munisipaliteit moes ingryp om die getalle te verminder en moes die Somalis hulle beeste op die plaaslike vandusie wat elke Vrydag gehou is verkoop. Daar die Somali mans maar soms geneig was om gou mes te gebruik, is toe besluit dat die meide elk hulle beeste moet inbring in die vandusiekraal terwyl die man buite wag. 'n Polisieman met die naam van Jock Taylor moes by wees om vrede en orde te verseker. So gebeur dit dan dat een ou meid haar beeste inbring, ontevrede is met die prys en baie kwaad word, en loop sy die polisieman by en klap sy "helmet" af, kyk daarna, skep twee handenvol nat beesmis en gooï dit plaks in die polisman se "helmet", kyk na die polisieman, skep nog 'n dubbele hand nat mis en gooï dit plaks in die polisieman se gesig. Hy vee dit so stadig af en sê ewe bedaard "The lady seems annoyed." Hy was 'n goeie polisieman en is later op 'n tragiese wyse naby die Baringomeer deur die "Dina ya Wasamba", 'n religieuse sekte, vermoor.

Ou karakters was daar baie, onder andere Oom Jan Murphy, 'n siener, wat by Haji's Drift geboer het. 'n Goeie, gawe man maar soms so bietjie bebottel,

dan verbeel hy hom baie dinge. So gebeur dit dan eendag dat hy weer bietjie teveel gehaad het, In Eldoret was daar nie verkeersligte nie, maar op die einde van elke straat gewoonlik 'n groot sirkel wat mens moes om ry en wat die spoed breek. Tussen die Standard en Barclays bank was so 'n eiland en dis daar wat Oom Jan besluit hy is 'n "Bulldog" en hande vier voete rond stap terwyl 'n groot polisman met hom mooi praat en sê "Come now, Jan, let's go". "I am a Bulldog" sê Oom Jan, grom so 'n keer, gryp die polisieman se been en byt hom aan die kuit. Die polisieman spring so vier voet in die lug en toe hy weer staan lig Oom Jan sy een been soos 'n hond. Dit was te veel en gee die polisieman pad.

Dan was daar die twee broers, Steyn en Harry Pohl. Harry is met die griepepidemie oorlede. Steyn was heeltemal kaalkop en het net so min hare as wat hy vol streke was.

So gebeur dit dat die dag toe "64", "Sixty-Four" sy naam moes kry, was die goewerneur daar om die dorp te doop. Eers vergadering gehou om die naam te bepaal. Eldoret was op plaas No. Sixty-Four en 64 myl van Londiani, die naaste stasie, en is Sixty-Four genoem. Die een rivier wat in die Sosiani vloei is die Eldora. Die goewerneur sê toe dat die Uasin Gishu die Eldorado van die Noorde is, maar aangesien die Nandi en Elgeyo stamme baie lief was om name met ET te eindig, laat ons die naam ELDORET maak. So gesê so gedoen. Daarna is almal, d.w.s. omtrent die hele gemeenskap eers na Eddy's Bar. Nouja soos dit in die vroer dae in die Kolonies gegaan het het die drankies maar gevloeい met die gevolg dat om twee uur toe die ou lotjie in die "Central School" saal vir ete bymekaar kom was almal redelik spraaksaam. Die saal was op pale gebou(vir rysmiere). Die goewerneur moes toe eers sy toespraak hou, maar aangesien Mev. Ortleppie nie genooi was nie, het sy onder die vloer ingekruip en nes die goewerneur wil praat stamp sy met 'n stok onder die vloer en moes sy eers verwyder word. Daarna het sy klippe op die dak gegooi. Na orde herstel is sit almal toe vir ete aan by so 'n lang ry tafels aanmekaar. Steyn Pohl met sy kaalkop was reg teenoor die goewerneur. Dit was warm en die vlieë het ou Steyn gepla. Jaag wou nie help nie. Hy neem toe sy bord sop, keer dit oor sy kop en sê, "Toe vreet as julle wil vreet". Die goewerneur het amper stuipe gekry soos hy lag.

Nou was daar ou Barker van Engeland, uitgestuur deur sy familie om van hom ontslae te raak. Destyds was sulke ouens "Remittance men" genoem, daar die familie hulle elke maand so 'n bedraggie gestuur het om hulle te onderhou. Ou Barker was 'n baie intelligente en interessante man maar lief vir die bottel. Elke maand as sy oorseese tjekkie kom is hy te perd dorp toe en het alles uit gedrink en gewoonlik het sy ou perd alleen by Oom Steyn Pohl, wat net langs ou Barker se pad huistoe was, aangekom. Die volkies is dan met 'n kruibaai gestuur om ou Barker te soek waar hy afgeval het, Dan het hy vir so drie dae by Steyn Pohl hulle in die bed gelê en snork, salig onbewus wat rondom aangaan. Oom Steyn Pohl was al moeg vir hierdie storie en koop toe by Juma Hajee, by Haji's Drift, 'n groot blou bottel kasterolie. Nie te lank nie of moes hy weer ou Barker laat soek, kry hom, sit nom in die bed, en toe ou Barker lekker snork gooi hy so kort kort in die ou se oop mond 'n "tot" in tot die bottel leeg is. Nouja, die uitwerking was goed maar ongelukkig het ou Barker nie betyds wakker geword nie, en wat Steyn Pohl se vrou gesê het kan nie hier aangegee word nie.

Onder in die dorp was 'n sink geboutjie, langwerpig met sink dak en mure en hout vloere opgerig, met 'n skorting van sink in die middel. Eenkant was die Standard Bank, met J. C. Shaw (The fattest man in Sixty-Four) as bestuurder, en die ander kant Eddy's (of soos later genoem sommer Daddy's Bar), albei gelyktydig geopen. So word dan beweer dat ou Barker die eerste man was wat by die Standard Bank vir 'n oortrokke rekening aansoek gedoen het om 'n sopie te koop.

Toe my broer Schalk D. C. was, kom hy eendag die middag op die plaas

aan met 'n moterfiets. Nouja ek was so 9 of 10 jaar oud en was die middag met die haelgeweer uit om eende ens. te skiet en toe ek by die huis kom sien ek hierdie vreemde ding op die stoep staan, 'n Gewone fiets het ek al gesien en kon toe uitmaak dat dit so iets moet wees. Ma gee my toe 'n lekker stuk vars brood dik gesmeer met botter. So lank ek eet is Schalk met die ding besig en trap hom so gwar-gwar. Ek staan en kyk, maar altegou toe die ding start en so brrr sê, gooi ek die stuk brood dat dit bo aan die muur aan die botter kant vassit, kies die hasepad om 'n buite gebou en soos Flip Prinsloo sou sê, ek "loop met krag" en ek loer so mettertyd om die anderkantse hoek.

Ek was maar altyd 'n baie soet seuntjie en het gewoonlik saam met 'n lotjie ander jonges agter in die kerk gesit. Dit gebeur toe een Sondag toe ek inkom dat daar net een plek op die ent oop is, waar ek gaan sit. Gelukkig het ek in my sak 'n lotjie lekkers wat ek so een een die ry op stuur. Onder die lekkers het ek ook 'n rooi russie gehad wat ek toe so ongemerk aanstuur. By toeval kom dit toe by Piet Mouton te lande wat nie kyk nie maar in sy mond steek en begin kou, Ai, die trane tog.

Die N.G. kerk te Eldoret het groot kerkgronde gehad, so 10 akker, en mense het met nagmaal eers hulle ossewaens ingbring en daar gekamp. So dan ook met die 14 dae katkisasie waar ons 46 bymekaar was. Eers het die ouderlinge, Oom Gert van Rensburg, Oom Bokkie von Maltitz en Oom Danie Borman ons mak gemaak(probeer). Die laaste paar dae was die predikant daar. Die vrouens het toe beurte geneem om koue etes te gee. So gebeur dit dan dat Tant Mynie ons weer een aand moes trakteer. Soos die gewoonte was is klippe so drie drie gebruik om die potte op te sit met die vuur onder. Nouja 'n mens kan ook mos nie altyd so stil en sedig wees nie en het Nickolas van Deventer gekyk hoe sy 'n oorbietjie boud vir aand ete voorberei en in die pot sit om gaar temaat. Toe dit mooi donker was, ses uur het die son onder gegaan en was dit binne tien minute donker. Ons haal die boutjie uit en sit 'n mooi skoon ronde klip in. Die dominee en die mense sit maar en gesels. Naderhand sê die gasvrou. "Dominee ek dink die vleis is gaar", en steek met die vurk so gwar gwar en skreeu vir die lamp. Sy vlieg die tent in maar nouja, gelukkig het ons twee darem kans gekry om die boutjie weer terug te sit.

In 1919 het die Nandistam in opstand gekom en van die Engelse boere op die grens se beeste afgeneem en was dit nogal gevaarlik en moes die troepe ingryp. Almal was gewaarsku om op hulle hoede te wees. So gebeur dit da dat laat een nag by Oom Steyn Pohl hulle geklop word, waar almal natuurlik onrustig aan die slaap was. Almal vlieg op en gryp gewere totdat van hulle vriende sê wie dit is. Deure word oopgemaak en daar word gegroet en gesels totdat Oom Steyn Pohl se vrou sê, "Maar Steyn waar is jou broek dan"?

Elke Vrydag in die vroere dae was daar beesvandusies en die bekende Oom Rooi Piet Kruger was altyd daar om te koop en te verkoop, niks anders as swart osse nie. Na die vandusie is meeste dan Central Lounge toe vir 'n snapsie. Soms het Oom Piet sommer met die perd die kroeg ingery. Byde Engelse en Boere was baie lief vir hom. Nou moes hy te perd huistoe ry net voor Ds. Loubser se pastorie verby, en soos die noodlot dit soms bepaal val hy eenkeer net voor die pastorie af. Ds. Loubser tel hom op en neem hom huistoe met sy Chev. karretjie. By die huis sê hy, "Piet ek kom mōre". So gesê so gedaan, en die volgende mōre kom Ds. Loubser daar aan. "Mōre Ds.," sê Oom Piet. "Jy was gister dronk né Piet?""Ja, Ds." "Nouja, vat so" en slaan Ds. Loubser hom skoon uit. "Gooi hom nat," sê hy vir Oom Piet se vrou, So slinger, slinger kom hy reg en sê Ds. Loubser, "Kom Piet, ons gaan koffie drink."

Onder die ouerlinge van Vergenoeg gemeente was een, baie goeie en gods-dienstige man, maar soms so bietjie gebreklig aan humor. Nouja soos ek al gemeld het, was die kerkgronde groot en was die bedienekamers in een hoek. Een mōre net voor kerk is een van die meide besig om haar baba onder die kraan te was en blink hy mooi, toe Martha Nieuwenhuizen verby kom, die baba neem, na die ouerling toe stap en vra, "Hoe lyk

dit , doop ons vanmôre?" 'n Ander ouderling, Oom Boertjie Bekker, 'n dierbare man, het nooit gepraat in enige vergadering nie, maar eendag toe ons kerkraad vergadering redelik warm word, spring hy op, kyk na die dominee en gaan sit weer. "Ja Broer," sê dominee, "wat wou jy sê?" "Ag, Dominee," sê hy "Ek Praat nooit nie, maar as ek praat is ek blerriewel verkeerd."

Ook was daar die olombekende Von Maltitz broers, Oom Bokkie, Oom Piet en Oom Loet. Oom Piet het aan die voet van berg Elgon geboer, baie goeie grond., In daardie geweste was daar dan ook 'n saamloop van verskillende nasies meer of min op 'n gemeenskaplike grens, bv. Turkana; Kitosh; Suk; en Sabei. Oom Piet was dan ook baie bekend en het hierdie stamme hom meer of min as hulle regter beskou en enige geskil wat hulle onder mekaar nie kon oplos nie, na hom gebring. Dae lank, soos dit maar met Afrika se nasies gaan, het hulle onder die bome gesit en elkeen die saak verduidelik en het Oom Piet geduldig geluister, en so nou en dan 'n vraag gevra. Dan sê hy gewoonlik, "ek het alles gehoor; nou moet ek gaan dink. Kom so en so 'n dag terug dan gee ek my uitspraak. Dit sal soveel beeste of soveel skape kos." Na hy sy uitspraak gegee het is almal weer tevrede en was daar nooit enige klag oor sy uitspraak nie.

Oom Bokkie, alom bemind, was ouderling vir baie jare en het by Broederstroom skool gehou, 'n goeie mens. So 1927 langs het hy toe ook van die nuwe Model T Ford karretjies gekoop en vertel hy my hoe hy eendag die vroumense en kinders vir 'n "drive" geneem het en die ou Model T toe mooi op die trein spoor gaan staan het en daar kom die trein aan. Hy spring uit en staan op die spoor en wys vir die trein om te stop. Gelukkig sien die drywer hoe Oom Bokkie hande hoog hou, waai en beduie en kon hy betyds stop. Gemoed Bokkie kon dit so smaakklik vertel en het almal daaroor gelag. Sy ou vader onthou ek so effens, 'n mens altyd lief vir 'n grap, met so 'n groot kromsteel pyp. Op sy siekbed, so 'n paar uur voordat hy oorlede is, so word vertel, het hy met sy oë toe gelê. Oom Bokkie se ma kom toe stadig nader om te luister of hy nog asemhaal. Die oubaas het agtergekom wat gebeur en toe die ou Tannie nabij komsê hy skielik, "Go". Soos ek verstaan het sy flou neergeval. Almal was lief vir haar.

Oom Loet was die stille, Mense sê hy het nooit 'n lelike woord geuiter nie. Op die ou transport pad na Londiani het 'n stuk pad, wat die rooi hel genoem is aangetref. Dik rooi stof in die droë tyd en modder , modder en nog modder in die reëntyd. Hier het waens vas gevallen en moes een die ander help. Daar was soms drie span osse voor een wa, met die gevolg dat toue en kettings gebreek het en humure soms hoog geloop het. So bly eendag 'n aantal waens staan toe Oom Loet ook met sy wa kom en natuurlik ook vasval. elke keer as hy met die osse praat dan vlieg die een vooros om en draai nek om. Geduldig gaan Oom Loet en maak dit weer reg, maar die vierde keer, terwyl almal staan en kyk, loop hy die os by, bekyk hom so en sê "Jou vark".

Die von Breda broers was die eerste landmeters op die Uasin Gishu. Piet van Breda het al in 1903 plase op die Plateau begin uitmeet. Later het Kolbe en Ortleppe gekom (en nie Schofield soos in Habarie beweer is nie).

Oubaas Ortleppe, man van Tannie Anna Ortleppe, was baie donker gebrand deur die warm son. So het iemand eendag 'n grap gemaak en gesê hy is nie wit nie; die dat Mev. Ortleppe hof toe gaan en die man aankla vir laster. Byde Mev. Ortleppe en die aangeklaagde is in die getuienis hokkie en Oubaas Ortleppe staan ook daar. Nadat sy toe alles verklaar het vlieg sy uit die hokkie, loop na haar man, pluk sy hemp uit, hou dit hoog sodat sy maag kaal is en skreeu, "Your Honour, is'nt he white, is'nt he white?" Oom Piet se een broer Bon is deur die Elgeyos vermoor waar hy langs die Elgeyo bos gebly het. Oom Piet het nooit vergeet waar hy 'n baken ingesit het nie en kon na dertig jaar die bos ingaan en sê "Kyk langs daardie boom staan jou baken." Hy het nooit getrouw nie maar, so word beweer onder die stamme, 'n sorg geneem. Hy was toe nie baie gewild onder die familie nie, maar toe hy op sy laaste was het almal maar gegaan om iets

te erf. Die een wat toe vir hom gesorg het, omtrent alles gekry en die res van die familie elkeen 'n donkie.

Wie sal ooit Oom Freek van Niekerk vergeet. Almal was vir hom lief en Engelse sowel as Boere het hom gerespekteer. Ek onthou nog hoe hy altyd al die strik vrae ens. wat in die Huisgenoot verskyn het, uitgewerk het en in sy geheue bewaar het om mense dan later daarmee te trakteer met vrae en antwoorde.

My buurman flip Prinsloo kon altyd so lekker alles vertel op sy eie manier en kon enige gebeurtenis so op helder met sy vertelling dat dit nooit vervelig geraak het nie. So vertel hy op 'n dag van sy steeks os. "Sonne," sê hy, "daardie os, nes ek die riem om sy horings sit, slaan hy neer, ja morsdood. Honde, water, vuur en versmoor kan hom nie by kry nie." "Ga...ga..." lag hy. Toe kom Anaak hier by my en ek vertel hom van die os. "Flip," sê hy, "as die os weer so neer slaan dan neem jy die vel van die leeu wat jy laas geskiet het en gooi dit oor die os". "Nouja goed" sê hy. So gemaak so gedaan en toe hy weer inspan en die riem om die os se horings sit, slaan die os neer. "Seun," skreef hy, "sê vir Lam (dit is sy vrou) sy moet vir jou die leeu vel gee." "En toe" vra ek. "Nja", sê hy, "ek gooi toe die vel oor die os. "En toe," vra ek. "G...G....G...en toe slaap die os lekker G...G...G..."

Na die eerste wêreldoorlog het "Great Britain" plase vir die Engelse soldate uitgegee anderkant die Nzoia Rivier dws. Trans Nzoia. Baie het hulle plase gou verkoop, . So gebeur dit dat Oom Abel Erasmus en sy swaer Davel so 'n plaas koop, 'n rondavel opsit en begin boer. Die wêreld was taamlik bebes met lang gras. Soos in die ou dae was toilet geriewe nie nodig vanwee die bos nie., So op 'n aand toe die maan opkom, stap Oom Abel die bossies in, gaan sit, hou aan 'n boom stam vas en kyk na die maan. Meteens, Hauump, brul die leeu agter hom. Hy spring op, gryp die broek en loop met krag, ja die wind sê so zirrrr deur sy hare. Hy skreeu net "Skiet, Swaer, Skiet," en daar hy so vinnig kom, gaan hy so blits die oop deur verby. "Skiet, Swaer, Skiet," skreeu hy. Met die tweede draai by die deur trap hy die broekspyp vas en skiet onder die tafel in en skreeu, "Skiet, Swaer, Skiet," terwyl swaer hom kapot lag.

Die een deel, so 8 myl Noord van Eldoret, was Wheeler's Drift genoem omrede Dick Wheeler daar gewoon het en die drif net onderkant sy huis was. Later het die hele deel die naam van Patata Draai gekry, want het Frans van Deventer gesê daar kry mens (dit was in die depressie jare), net patats om te eet.

Die deel so wes van Eldoret was Biesiefontein, met baie koppies en randjies en 'n mooi vallei. Baie Doppers het daar gewoon en kry dit toe die naam van Dopperslaagte. Vroer dae was daar baie tiers (luiperds) en het drie mans in een maand met hulle slaags geraak.

Tant Freda van Heerden het vir jare die orrel in die kerk gespeel en Jaap Heine het die blaasbalk gewerk want daar was nog nie elektrisiteit nie. Sy was ook altyd doenig met toneelopvoerings en basaars ens., terwyl Oom Hennie die goeie ou mens, maar altyd so stil stil moes help. Ja hy het altyd so baie gedoen en is miskien so min waardeur.

Wie sal ooit Tant Manie le Roux vergeet, van Broederstroom. Sy wat altyd die vleis bewerk het en wors gemaak het vir die basaars. 'n Mens kan haar nie genoeg loof nie, altyd vriendelik en gewillig. Daar was ook so baie ander.

Op Eldoret was die "Nadi Hall Butchery" met Micky Ywas in bevel, terwyl Mev. Milne jare lank die poskantoor behartig het. Wat van Oom Stoffeltjie Roets en Tant Nonnie? Innige Godsdienstige mense. Gewillig om orals te help. Hy het lank op die Distrikstraad en Skoukommittee gedien, en moes met sy wa en osse die goewerneur op Plateau Stasie gaan haal om die Plateau Saal te open en later met dieselfde wa het hy die Queen Mother

die arena by die Eldoret Skou in geneem. Ja daardie dag toe Thysie Davies met die slee voor die "Grand Stand" moes verby gaan, en so ewe spogterig die sweep klap en op die slee wyl spring, op 'n bol nat mis gely en boemps voor die "Queen Mother" op sy rug beland, alasoe!

Op 'n dag kom Karools van Taganyika om die mooi nooiens by Broederstroom ens. deur te kyk. Nogal suinig en toe die kollekte bordjie in die kerk aangegee word neem hy 'n hele hand kleingeld en soek die kleinste uit om in te gooie. Die diaken neem sy hand en keer dit in die bordjie om. Amper 'n hofsaak!

Wie het nie van Boetie Koot Seningnek gehoor nie. Dit word vertel dat sny
buurman op 'n dag sy kop met 'n kierie gekloof het dat dit weerskante op
sy skouers hang en die dokter toe kameel senings geneem het om dit weer
vas te werk, dus die naam sening nek. In werklikheid was dit net 'n knop
op sy kop en was die spreekwoord as een kwaad is, "Ek gee jou net nou
'n Boetie Koot Pimpel," of "ek gee jou 'n vier honderd rupees hou," (destyds
was die Kenya geld rupees en sente soos in India) want die aangerande was
hof toe en moes die aanrander 400 rupees betaal. Hierdie gebeurtenis
het toe 'n nasleep gehad: toe Boetie Koot hulle met 'n tweeling geseen word.
Dis toe dat Laurie Pohl na raadpleeging met dr. Le Roux, 'n uiterste platjies,
besluit om aan Boetie Koot te sê dit was omrede die hou oor sy kop en
dat hy moet eis dat die persoon wat die hou toegedien het vir een moet
betaal. Eers wou die ou nie glo nie, maar toe Laurie sê "Gaan vra die
dokter" en hy so maak, dat hy afsit Magistraat toe om 'nisaak te maak.
Reken maar self wat gebeur het.

Dan was daar die bekende Dr. Cook, eintlik van Kampala, Uganda, later Sir Albert Cook. Hy het in 1890 van Mombasa na Kampala geloop, 'n reis van ses maande, om daar 'n sending stasie te begin. Saam met hom was 'n verpleegster, later sy vrou en vereer tot Lady Cook. Hy was al blanke wat in Uganda grond besit het. Die grond was aan hom geskenk deur die Kabaka (Koning van Uganda, Sir Daudi Chua). Dit was eers na dat hy Namirembe Hospitaal en Katedraal daar gebou het. Hy was 'n goeie oogaarts ook en sy suster Corrie was sy eerste patient uit Kenia, destyds British East Africa. Eers 'n reis van drie dae met ossewa (as jy gelukkig was, 3 dae) na Londiani, dan amper 'n dag per trein na Kisumu, destyds Port Florence, dan 'n dag en 'n nag per boot na Entebbe, en dan die laaste 25 myl per ricksha, die laaste rand na die hospitaal het twee agter gestoot en een getrek.

Die boot was die "Clement Hill" (die eerste boot). In Engeland stuk vir stuk vervaardig en verskeep. Van Londiani na Kisumu het "porters" die boot stuk stuk gedra, waar dit versamel en aanmekaar gesit is.

Dan het my ma altyd 'n pleister gemaak, dit was welom bekend en het almal altyd hulle shieling gestuur om Tant Annie se pleister te kry. Ek onthou een swartie met die naam van Okku het van Soroti in Uganda die kort pad langs Elgon berg geloop, ongeveer 250 myl, om vir sy kind pleister te kom haal.

Hierdie is baie vekorte verhale weens gebrek aan spasie. Ek hoop om later meer van ons Afrikaanermense se deelname aan verskillende Organisasies ens. te vertel, intussen.

Kwenda Mazuri, Kwaheri, SONNIE

OOM ALBERT LUIS VERTEL(1976).....

Ons was boere in Laikipia toe daar 'n Engelsman, ou Blackbeard, by ons aankom. Hy kon goed Afrikaans praat en was ook van Suid Afrika. Hy sê toe die leeu het 'n koei gevang en ons moet kom kyk, Maar hy was vreeslik bang, en sou nooit 'n leeu alleen aandurf nie. Ons het toe 'n nie 'n goeie geweer gehad nie, net 'n ou uitgesluite agt mm, darem ook 'n haelgeweer. Daarmee moes ons toe die leeu gaan skiet. Ons is toe in sy 'lorrie' weg na die plek waar die leeu die koei gevang het. Ja, die leeu is toe daar, maar toe ons naby kom, toe gee sy pad bosse se kant toe. Ons sê toe vir Blackbeard hy moet nader ry want die geweer kan nie so ver skiet nie. My broer het toe die uitgesluite agt mm geweer by hom, maar ou Blackbeard wil niks weet van nader gaan nie. Toe sê ek hier van agter: "nader, nadēr," Hy ry toe so vinnig by die ding verby, en net toe ek wou skiet swaai hy weer links, en amper voeter ek af op die leeu. Ek trek toe dié skoot in elk geval maar af, maar dis toe heeltemal mis. Die leeuwyfie spring op en kap na die 'lorrie', maar gelukkig het die bak van die lorrie my net onder die arms gevang en dus beskerm teen haar aanval. Broer Daan het darem 'n skoot ingekry met die agt mm geweer wat haar gelukkig getref het. Toe ons haar later afslag, vind ons dat vier van haar naels weg is. Ek gaan kyk toe in die lorrie se bakwerk, en daar sit die naels nog. As dit nie vir die bak was nie sou dit my in die boud getref het.

Ons het soms met perde en honde gaan luiperds vang, wat ons dan na Nairobi geneem het waar ons so 50 pond stuk gekry het. Baie geld vir daardie dae. Ek het eenkeer daar in Laikipia drie groot luiperds gehad. Ek maak toe mooi hokke bo op 'n wa, sit die luiperds daar in, en vat die pad Nairobi toe. Dit was omtrent tweehonderd myl ver. Die nag span ons uit op 'n kaal vlakte. Ek weet daar is leeu, dus maak ons toe die osse aan die wa vas. As hulle daar is sal hulle kom, dit het ek geweet. Laat die nag hoor ek geraas, die luiperds wil met geweld uit die hokke spring. Toe staan ek op en lig die seil op. Hier in die helder maanlig staan 'n wyfie leeu nie twee tree van my af nie. Ek los die seil en gryp na die geweer en skiet. Jy hoor net hhuuurrrr. En daar gaan sy. Die osse kruip toe almal onder die wa in met hulle koppe na buite gekeer. 'n Leeu sal hom nie vang as hy sy kop wys nie. Die volgende dag is ons toe verder sonder verdere voorvalle.

Een dag toe ons gaan Luiperds vang, vat ons toe koers die veld in na die kranse se kant toe. daar is die honde toe agter wolwe aan, onder die kranse in. Ons besluit toe om die wolwe ook maar te vang want ons kon hulle ook verkoop. Om die ding by te kom was nie so maklik nie. Hy is so diep in, oomprent twaalf tree. Ons kon nie 'n stok kry wát lank genoeg is om die tou in te kry en om sy nek te sit nie. Die kant lê ook toe 'n ystervark reg om te baklei. Ek knoop toe rieme aanmekaar en seil op my pens daarin met so 'n kort stokkie. ek sê toe vir broer Daan as ek die tou om sy nek het dan moet hy trek. Ek kry toe die tou om en begin trek, maar die wolf skop viervoet vas. Die ystervark mik na my kant toe, toe sê ek vir hom: "Pas op, ek sal jou ?*&6%@4£ as jy my steek!" Hy gee toe pad en ek is uit om te help trek.

Ons het baie met 'n ou Dodge kar gaan kwaggas skiet. Eers het ons die "screen" an kap alles afgehaal, dan jaag ons kwaggas. Een dryf, en die ander skiet. Die kwaggas was naderhand so wild gewees, as hulle die kar sien dan maak hulle net om in die bos te kom. So 'n groot hings spring verby die kar en broer Koos sê: "Skiet!" en ek haak af en skiet hom dat hy voor die kar inrol. Toe die kar hom tref, val hy om en gaan lê op sy rug. Ek is gelukkig uit met net 'n bloedstreep oor my boud. Ek kyk rond vir broer Koos. die deur het so 'n skrefjie oopgegaan, en hier wil hy uitkruip, Ek gaan toe anderkant om, maak die ander deur oop en sleep hom aan sy voete uit. Daar sit hy toe, sy arm uit lit. Hy sê toe ek moet na Roberts toe loop en gaan Swartes kry om die kar optelig. Ek besluit toe, ek gaan self die kar oplig. Ek sny 'n stokkie en steek die petrol toe sodat dit nie alles uitloop nie. Ek neem 'n vier gelling drom wat ek daar gehad het, en sit dit langs my neer. Toe vat ek die ou Dodge aan sy "landing-board," en ek tel hom op. Met my een voet, stoot ek die drom onder in sodat ek weer kan vervat, en toe ek weer vat,

draai ek hom op sy wiele. Die 'steering' is toe plat gebuig. Dit lê op die sitplek waar my broer gesit het. Ek klim in en vat daardie 'steering' en trek hom naderhand so reguit lat ek in die kar kon sit om huis toe te ry.

Maar ek moet jou vertel van ou Daly en die buffels. Ek en broer Daan was op safari, en daar in die veld ontmoet ons toe ou Daly. Hy is ook daar om te skiet, maar hy wil olifante skiet. Ons wou weer buffels skiet, maar hulle het al begin min word. Toe gaan ons die aand uit om te soek sodat ons die volgende dag kan weet watter rigting om in te neem. Skielik spring daar 'n buffel voor my op. Dit was al laat. Ek spring toe af en ek skiet die buffel, maar ek skiet hom bietjie laag, en hy is vort en gaan lê in die bossies. Ons kruip toe die bosse in agter hom aan. Hy gee so 'n brul, spring op, en hol weg. Wat hom makeer het weet ek nie, want gewoonlik storm hy. So het ons agter hom aangegaan totdat dit naderhand donker word. Toe sê ek nee, ons los hierdie ding want hy sal vir ons seer maak. Ons gaan toe terug kamp toe en vertel Daly daarvan. Ons besluit toe om die volgendeoggend die gekwesste buffel te gaan soek, want hy wou ook sien hoe skiet ons die buffel. Hy gaan toe saam. Ons het die hele mōre na daardie buffel gesoek tot die middag toe, en kon hom nie weer kry nie. Ons gee toe naderhand op, en slaan koers in kamp toe want ons was al moeg. Skielik spring daar 'n renoster uit. Daardie ou Daly kon niks los wat hy sien nie; wat voor die geweer kom moet hy skiet. Hy spring toe van sy muil af en hy skiet die renoster, maar hy skiet hom bietjie ver na agter toe hy so dwars hardloop. Die renoster is so mank, mank daar weg en die honde agter hom aan. Daardie honde van ons wou nie 'n ding los nie. As hulle agter iets aan was, moes ons hulle gaan haal of ons moes die dier doodskiet. Ons lei toe die perde want hy gaan toe die fyn bossies in; gevaaarlike terrein. Ek loop voor, dan ou Daly, dan broer Daan. Toe sien ek renosterspore. Daar is gate in die grond en afgebreekte bossies. Daar is ook buffelspore. Daardie gekwesste renoster het toe op die gekwesste buffel afgekom en daar het hulle 'n vreeslike geveg gehad. Dit lyk toe of die buffel die beste daarvan afgekom het, en die renoster padgegee het. Toe besef ons daardie buffel is nou kwaad. Ek loop toe nog met die geweer oor my skouer, met ou Daly agter my en dan broer Daan. Skielik hoor ek net huuuu, Voordat ek die geweer kon afkry, is die buffel op my en ek val sommer so agteroor. Toe spring die buffel hy wou blykbaar oor my spring; hoekom, weet ek nie. toe was ek reg en skiet hom hier van onder af in die bors na boontoe met die ses-vyf. Toe by die buffel oor my springvang hy daly, en stamp teen sy geweer dat hy daar lê, Toe is nog net broer Daan op sy voete. Toe die buffel vir Daly omstamp, draai hy om om hom weer te kom trap. Toe skiet broer Daan hom hier in die ribbes. Hy draai weer om en broer Daan gee hom nog 'n skoot aan die anderkant. Toe gaan lê die buffel so 'n entjie weg. Daar lê ou Daly en hy wil nou net doodgaan. Hy hou sy skouer vas en kreun. Baie buffels brul as hulle vrek, en toe hy die buffel hoor brul, is hy op, en soek die geweer. Toe wil hy net skiet. Hy ken toe ook buffels en hoor toe die dier vrek. Toe gaan lê hy maar weer en wil hy weer net doodgaan. Ons moes hom optel en kamp toe ry. Hy het veertien dae in die bed gelê. Hy sê die buffel het hom getrap, maar hy lieg. Die buffel het teen sy geweer vasgeloop en hom so om gestamp. Hy het darem die skoot afgetrek maar dit was hopeloos laag.

Oom Albert het hierdie stories in 1976 vertel en sy familie het dit goed-gunstelik aan ons gestuur. Dit is alles op band opgeneem. Indien iemand nie wil skryf nie, kan hy/sy gerus praat, dit, opneem, en aan ons stuur.

HELDERBERGWERF 15. SOMERSET-WES. 7130

10 JUNIE 1984

Mv Beste Neef Danie,

Jy vra my al weer om iets te skryf vir jou Oos-Afrika notisie. Man, waarom jy huis nou vir my vra weet ek nie. In die verlede het ek jou verduidelik dat dit wat ek die beste onthou ek nie waag oorvertel nie. Jy weet dat met so 'n klein gemeenskappie soos die van die Uashin Gishu is dit deksels moeilik om mense agter verkeerde name weg te steek. Want sien almal ken tog maar die stories, vernaamlik die bestes. Daar is al twee boeke waarin dit nie gewerk het nie. Die een boek, nogal in Engels, het die hele Verbrandebos amper weer laat vuur vat - vernaamlik die storie van die geëerde tante wat nie haar aansienlike agterstewe saam met 'n pistool (dit was Mau Mau jare) in 'n stoel kon kry nie en per ongeluk die sopoot stukkend geskiet het. Maar kyk hom vertel ek nie hier nie, jy sal maar self die boek moet loop lees. Iemand, seker maar Langenhoven, Shakespeare of Oom Anaak (want wat die een nie gese het nie het die ander beslis kwytgeraak) het gese dat dit ook nou huis jou bure, vyande en skoonfamilie se sondes is wat jy die beste onthou. (Terloops, anders as Langenhoven het Oom Anaak verkondig dat jy sonde met jou bure huis moet vermy want sien daar is eintlik niks so hartseer soos kwaaiervriendskap nie, vernaamlik as jou buurman se vark ook so hartseer begin skree en die hele wereld die ene varkkaaiing word.) Ek sal dit maar waag om pen op papier te sit aangesien jy nou so kla dat die Oos-Afrikaners vandag so besig is om geld te maak en tjeeks te skryf dat hulle lus en weet van nonsenspraat en skryf heel weg is. Lyk my Oom Sonnie het 'n kredietkaart - daarom dat hy nog die tyd het om te skryf. Van nonsensskryf gepraat, waar het jy nou ooit iets mooier teegekom as die rym uit 'n ou Van Riebeek jaarblad:

dis die blond
dis die blou
dis die muishond wat ek kou
dis die pyn op my maag
wat my malhuijstoe jaag

Nou moet ek jou ook waarsku dat name en die sielle waaraan hulle behoort die gewoonte het om deur die jare los van mekaar te raak, weg te drif en soms ook om te ruil. Name, vernaamlik die wat al vas gegroei het, moet 'n mens ook nie verafrikaans nie want dan sit jy naderhand met 'n onding vir 'n noemding.

Daar jy op Kitale op skool was sal ek jou eers moet inlaat op die eintlike politiek van skoolgaan op die Uashin Gishu. Van die vroere jare van Broederstroom se skool kan ek jou min vertel - dit sal ons aan Oom Sonnie moet oorlaat. Wat ek wel weet is dat Oom Wolfie op 'n stadium daar onderwyser was. Erens is daar nog 'n foto wat glo moontlik op ons plaas afgeneem is. Op die foto is 'n donkie, en op die donkie is iemand (ek weet nie wie nie) en voor die donkie is Oom Wolfie. My pa het altyd gese daardie oggend WAS Oom Wolfie kwaad, want so reg na sy aard wou die donkie nie. Nie vorentoe nie, nie agtertoe nie, nie nerens nie. As oningeligde moet jy mooi verstaan dat vir ons skoolseuns het Oom Wolfie altyd kwaad gelyk - vernaamlik op die

Sondagskoolpieknieks op Oom Abie Mouton se plaas. (Oom Abie, moet jy ook nou verstaan, het unieke dinge gedoen. Hy het net Bensen & Hedges gerook wat jy in BLIKKIES kon kooi; hy het KLEURfotos geneem; hy het sulke groot gramfoonoplatae gehad met SENODESANG op; en hy het die SONDAGSKOOLPIEKPLEK gehad.) Op so 'n piekniek het die merry-go-rounds en sulke dronkmaakgoed goed aan die begin gewerk. Later, gewoonlik na ete, het die grootmense besluit dat dit nou tyd vir elli-rose en sulke lawighede was. Aan die eenkant was ons vir 'n meisie so bang soos 'n poedel vir 'n sker en aan die anderkant was daar baie interresanter dinge in die bosse - soos King Stork en Clipper. (Sportsman was toe nog daar nie en Kali kon jy nie in jou lange inkry nie - selfs nie teen vyf-sent per twintig nie.) Maar nes jy jou as draai dan loop jy in Oom Wolfie en sy lat vas.

